Bb. 115/84

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die appèl van:

SENATOR VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK ... appellant

en

GIDEON HUISAMEN .......................... respondent.

Coram: Rabie Hr, Joubert AR et Galgut Wn. AR

Datum van verhoor: 27 Augustus 1984.

Datum van uitspraak: 24 September 1984

---

UITSPRAAK

GALGUT Wn. AR:

Op Sondagoggend, 15 Junie 1980, om ongeveer 7.15 vm, het daar 'n botsing plaasgevind tussen 'n Datsun motorvoertuig bestuur deur respondent en 'n Mazda motor-

/ voertuig.....

voertuig bestuur deur ene J G Smith.

Respondent, na wie ek sal verwys as die eiser, het beserings opgedoen in die botsing. Die Mazda is deur die appellantmaatskappy verseker ingevolge die bepalings van Wet 56 van 1972. Eiser het derhalwe sy aksie vir skadevergoeding teen appellant ingestel. Ek sal na appellant verwys as die verweerder. Die partye het voor die verhoor op 'n bedrag van R8 003-31 ooreengekom as synde die skadevergoeding waarop eiser geregtig sou wees indien hy sou slaag in die geding. Eiser het inderdaad in die hof a quo geslaag en bovermelde bedrag met koste is aan hom toegeken. Die appèl is teen daardie bevinding.

Die botsing het plaasgevind in die robot-beheerde kruising van Tafelbaaiboulevard en Oswald Pirowlaan, Kaapstad. Eiser het van oos na wes in Tafelbaaiboulevard gery terwyl Smith van suid na noord beweeg het in Oswald Pirowlaan. Hy het langs die eiland, wat Oswald Pirowlaan in twee verdeel,

/ gery............

gery. Die straatligte het die betrokke tyd nog gebrand, die uitsig was goed en beide motors se ligte het gebrand.

Eiser het in sy uiteensetting van eis beweer dat die botsing te wyte was aan die uitsluitlike nalatigheid van Smith. Verskeie gronde van nalatigheid is uiteengesit. Die vernaamste daarvan is dat hy versuim het om 'n behoorlike uitkyk te hou en dat hy nagelaat het om behoorlik ag te slaan op 'n rooi verkeerslig wat die kruising waarin die botsing plaasgevind het, beheer. Verweerder het in sy pleit ontken dat Smith nalatig was; in die alternatief, en slegs indien dit bevind sou word dat hy wel nalatig was, het verweerder ontken dat sodanige nalatigheid kousaal tot die botsing bygedra het. In die verdere alternatief en indien bevind sou word dat Smith wel nalatig was en dat sodanige nalatigheid kousaal tot die botsing bygedra het, is gepleit dat die botsing deels te wyte was aan die skuld van Smith and deels te wyte aan

/ die............

die skuld van eiser. Daar is beweer dat eiser in verskeie opsigte nalatig was, die vernaamste waarvan was dat hy versuim het om 'n behoorlike uitkyk te hou en dat hy nagelaat het om enigsins ag te slaan op 'n rooi verkeerslig wat die kruising waarin die botsing plaasgevind het, beheer.

Soos later sal blyk, was die werklike geskilpunt in die hof <u>a quo</u>, watter een van die twee bestuurders teen die rooi lig die kruising binnegegaan het. Dit is gemene saak dat die lig nie vir beide eiser en Smith groen kon gewees het nie.

Eiser het getuig dat hy die betrokke oggend van plan was om na sy werk by die poskantoor te gaan nadat hy 'n mej Mouton, 'n passassier by hom in die motor, afgelaai het. Voordat hy by die betrokke kruising gekom het, het hy gesien die verkeerslig slaan oor van geel na rooi en hy het daar stilgehou totdat die lig weer groen geword het. Hy

/ het............

het die motor in eerste rat gesit en stadig oorbeweeg en was reeds by die eiland verby toe sy voertuig aan die linker agterkant gestamp word. "Vir 'n fraksie van 'n sekonde" (sy beskrywing) voor die stamp het hy bewus geword van iets aan sy linkerkant maar kon niks doen om die botsing te vermy nie. Hy het ontken dat hy na die botsing hoegenaamd met Smith gepraat het.

Mev Grobbelaar, wat destyds mej Mouton was en met wie eiser 'n liefdesverhouding gehad het, het daardie oggend as passasier links voor in eiser se motor gesit. Die liefdesverhouding het kort na die botsing tot 'n einde gekom. Om redes wat later sal blyk, is dit wenslik om haar weergawe op te som deur aanhalings uit haar getuienis te gee. In hoofondervraging kom die volgende voor:

> "If you would just tell his Lordship step by step what happened Mrs Grobbelaar?-- When we got to the lights we stopped. When it turned green we carried on again."
>
> ........................................
>
> "Mr Scholtz: ......

"Mr Scholtz: Are those - sorry yes, when you came there they were red and when they turned green?-- Then we moved to cross the intersection.

Yes?-- When we got halfway to the - you get the isle on the left side; we had just passed that when I saw this white flash coming up towards us.

From which side was this flash coming?-- On the left side.

From your left side?-- That is right. But before I could warn the driver the car had hit us and I then lost consciousness."

.........................................

"Was there anything unusual about the manner in which he pulled away from the traffic lights once they turned green in your favour?-- No sir."

In kruisondervraging kom die volgende voor.

"I take it that prior to the accident you were watching the road ahead of you?-- Yes.

You say that your vehicle came to a stop at the robot?-- That is right.

That was because the lights were red against you?-- That is right."

.......................................

"But one thing is clear, isn't it Mrs Grobbelaar, that these lights were never, as you approached the intersection, you can't remember the lights ever having been green?-- No."

.........................................

/ "Again..........

"Again I want to ask you, there is no question Mrs Grobbelaar, that you approached this intersection and the light was already green as you approached the intersection?-- No.

You are giving your evidence in English but I take it you can speak Afrikaans?-- Yes.

Well?-- Quite well."

Op 7 Julie 1980, dit is 22 dae na die ongeluk, is mev Grobbelaar uit eie beweging na die polisie waar sy 'n verklaring onder eed afgelê het. Haar getuienis in dié verband lui:

"Sir, the police didn't approach me, I went after the police.

You went off yourself?-- That is right.

Didn't they ask you to come in?-- No, I went to find out what the driver's name was because I wanted to tell him that I was going to take up the case."

..................................................

And you have in fact also instituted an action, haven't you, against the present defendant for your injuries?-- That is right."

Die verklaring (bewysstuk B in die hof <u>a quo</u>) lui so:

/"Op Sondag.....

"Op Sondag 80/6/15 omstreeks 07h15 was ek 'n passassier van motorvoertuig ~~CA 60814~~ CY 122938. Die voertuig was bestuur deur mnr G Huisamen.

Ons het in 'n Westelike rigting met die Nasionale pad beweeg. Ons het die verkeersligte te h/v Oswald Pirow en die nas. pad genader. Die verkeerslig was groen in ons guns.

Ons het toe die kruising binne beweeg. Ons was feitlik deur die kruising toe ek eweskielik 'n wit motor vanuit die linkerkant sien beweeg.

Ek het toe bestuurder gesê dat die motor baie vinnig beweeg. Ek het toe net 'n botsing gevoel en toe verloor ek my bewussyn.

Ek het my sleutelbeen en twee ribbes gedurende die ongeluk gebreek en is nog onder hospitaalbehandeling."

In kruisondervraging is die inhoud van bewysstuk B aan haar gestel. Haar antwoorde is veelseggend soos blyk uit die volgende getuienis:

/ "Then.......

"Then it (dit is bewysstuk B) says: 'Ons het die verkeersligte te hoek van Oswald Pirow en die nas. pad genader'. That is also correct, not so?-- Yes.

'Die verkeerslig was groen in ons guns' Is that correct?-- No, that is not correct.

'Ons het toe die kruising binnebeweeg'. That is correct?-- Yes.

You did at some stage get into the.... -- Yes.

'Ons was feitlik deur die kruising toe ek ewe skielik 'n wit motor vanuit die linkerkant sien beweeg' ?-- Ja, dit is reg.

..............................................

You had no time to warn the driver?-- I didn't sir, that I swear to.

You didn't warn him?-- I didn't get a chance to warn him.

You are quite sure of that?-- I am positive.

..............................................

I'm just putting this statement to you Mrs Grobbelaar. 'Ek het toe bestuurder gesê dat die motor baie vinnig beweeg'. You did say that to the police, did you not?-- I did say it, because I was - I did think I had said it."

Die teenstrydighede in haar getuienis en in haar verklaring is aan haar gestel. Wat dit betref, lui haar getuienis soos volg:

/ When...........

"When I made that statement I admit I was still very much in shock.

In shock? That is on the 7th July 1980, that is almost four weeks after the accident?-- I know that.

Did you receive any treatment for shock?-- I didn't get anything for shock, no, not from the hospital.

But you went to the hospital?-- Yes, I did go.

How long were you there?-- I was there one day.

.................................................

Did you get any treatment for this shock that you say you felt?-- No, I didn't get treatment."

Smith het getuig dat hy die môre op pad huis toe was nadat hy die hele nag as opsigter by die parlementsgebou gewerk het. In Oswald Pirowlaan het hy eers by 'n motorhawe ongeveer 100 meter van die kruising aangegaan. Toe hy weer indraai in die laan was die verkeerslig rooi maar omtrent 65 meter vanaf die kruising het dit oorgeslaan na groen in sy rigting. Hy het in die regterkantse baan, langs die eiland, gery en sy spoed was ongeveer 60 k.p.u. Omdat dit Sondagoggend was en hy die moontlikheid voorsien het dat mense deur 'n rooi lig mag ry, het hy stadiger beweeg en

/ sowat.........

sowat 30 meters van die kruising af regs gekyk, waar sy uitsig onbelemmerd was, maar niks gesien nie. As eiser se voertuig by die verkeerslig gestaan het, sou hy dit wel gesien het. Vanweë die feit dat die lig vir hom groen was, het hy voor hom gekyk en die kruising binnegegaan. Die botsing het skielik gekom. 'n Motor het vinnig van die regterkant gekom en hy het die voertuig aan die linkerkant getref. Hy het verder getuig dat hy met eiser gepraat het en aan hom op Engels gevra het: "How can you speed through a red light like that?", waarop eiser gesê het, "I saw nothing". Daar was weer 'n gesprek daarna. Eiser het 'n bruin tassie met 'n ritssluiter uit sy motor gehaal. Hy kon dit nie toe kry nie en het vir hom, Smith, gevra om dit vas te hou, wat hy wel gedoen het, en die ritssluiter is toe toegetrek.

In kruisondervraging het Smith getuig dat hy vir tien jaar nagdiens gedoen het, dat hy gewoond daaraan was en dat dit hom nie geaffekteer het nie.

/ Volgens.........

Volgens 'n tabel wat ingehandig is, blyk dit dat as die lig inderdaad oorgeslaan het toe Smith 65 meter vanaf die kruising was, dit groen sou gewees het toe hy die kruising binnegegaan het.

Die geleerde regter a quo het mev Grobbelaar se getuienis aanvaar. In dié verband het hy in sy uitspraak gesê (die letters (a), (b), (c), (d) en (e) is myne):

> "Verweerder se advokaat het die getuienis van Grobbelaar aangeval as ongeloofwaardig omdat die getuie volgens sy betoog afgewyk het van haar verklaring aan die polisie. (a) Na die mening van hierdie hof is bewysstuk B nie 'n ondubbelsinnige verklaring nie en sluit dit nie haar weergawe in hierdie hof uit nie, naamlik, dat eiser gestop het voordat hy die kruising binnegegaan het.
>
> (b) Uit ondervinding in hierdie hof blyk dit dikwels dat die inhoud en bewoording van verklarings wat deur polisiebeamptes opgestel word in verband met moontlike vervolgings afhang van wat enige betrokke opsteller as belangrik beskou vir sodanige vervolging, en word die verklaring dienooreenkomstig met noukeurigheid en bondigheid dikwels in sy eie woorde opgestel.
>
> (c) Vir die opsteller van bewysstuk B mag die feit dat daar eers gestop is, voordat die kruising op 'n groen lig binnegegaan is,

/ nie..........

> nie van belang gewees het nie en is die hof nie bereid om Grobbelaar om hierdie rede as ongeloofwaardig te beskou nie. (d) Sy het 'n goeie indruk as getuie gemaak.......
> ....... Sy het egter in haar getuienis niks probeer wegsteek nie en soos reeds genoem, is sy uit eie beweging na die polisie waar sy 'n verklaring afgelê het."

Verweerder se advokaat (hy het nie in die hof <u>a quo</u> opgetree nie) het in hierdie hof aan die hand gedoen dat die geleerde regter <u>a quo</u> die getuienis van mev Grobbelaar nie moes aanvaar het nie. Myns insiens is hy korrek en wel vir die volgende redes. Weliswaar gebeur dit dat polisiebeamptes soms verklarings opstel soos in (b) hierbo uiteengesit. In hierdie geval, soos blyk uit haar getuienis, het mev Grobbelaar nie aan die polisiebeampte gesê dat eiser gestop het nie. Inderdaad het sy nie eers gesuggereer dat hy nie neergeskryf het wat sy gesê het nie of dat hy haar nie verstaan het nie. Dit volg dat wat in (c) gesê is nie geregverdig is nie.

/ Na..........

Na my mening is wat die regter in (a) gesê het nie gegrond nie. Hoe meer ek bewysstuk B lees, hoe meer is ek daarvan oortuig dat mev Grobbelaar ten tyde van die verklaring, 22 dae na die ongeluk toe die feite vars in haar geheue moes gewees het, uitdruklik gesê het dat toe hulle die kruising nader was die lig groen in hulle guns gewees en dat hulle gevolglik die kruising binnegegaan het. Sy is self polisie toe om haar eie saak te bevorder. Dit is derhalwe moeilik denkbaar, as die lig rooi was en as hulle gestop het, dat sy dit nie aan die polisie sou gesê het nie.

Alhoewel mev Grobbelaar 'n goeie indruk as getuie gemaak het, moet onthou word dat gedrag ("demeanour") in die getuiebank uiters misleidend kan wees. Kyk S v Kelly, 1980 (3) SA 301 (A) te 308, waar gesê is:

> "There is no doubt that demeanour - 'that vague and indefinable factor in estimating a witness's credibility' (per HORWITZ AJ in R v Lekaota, 1947 (4) SA 258 (O) at 263) -

/ can be..........

> can be most misleading. The hallmark of a truthful witness is not always a confident and courteous manner or an appearance of frankness and candour."

In haar getuienis het mev Grobbelaar met klem gesê (sien haar woorde "that I swear to") dat sy nie tyd gehad het om enige waarskuwing aan eiser te gee nie. In haar verklaring het sy gesê dat sy wel aan eiser gesê het dat die ander motor baie vinnig beweeg. Toe hierdie teenstrydigheid aan haar gestel is het sy geantwoord: "I was still in a state of shock". Die verklaring is afgelê 22 dae na die botsing en in die lig van haar eie getuienis in verband met die behandeling wat sy gekry het, is hierdie antwoord klaarblyklik onwaar. Dit volg dat die regter se opmerking in (e) hierbo dus nie gegrond is nie. Dit volg ook dat mev Grobbelaar se getuienis onaanvaarbaar is en nie as stawing vir eiser se getuienis kan dien nie.

Die weergawes van eiser en Smith is lynreg teenstrydig met mekaar. Die regter het nie bevind dat een van die twee vals getuienis afgelê het nie.

Wat eiser betref, het die regter in sy uitspraak gesê dat eiser 'n man is wat reeds 'n gevorderde leeftyd bereik het; dat hy nie die indruk geskep het van iemand wat onnodig 'n risiko sou neem nie, veral nie terwyl daar 'n dame met hom in die voertuig is met wie hy op daardie tydstip 'n intieme verhouding gehad het nie, en dat dit onwaarskynlik is dat hy die kruising teen 'n rooi lig sou binnegaan nadat hy daar gestop het. Wat Smith betref, het die regter a quo gesê dat hy die ouderdom van 61 jaar bereik het en nie voorkom as 'n persoon wat opsetlik deur 'n rooi lig sou gaan nie. In die regter se redes vir uitspraak kom die volgende voor:

> "Teen hom (Smith) tel egter die feit dat hy die heel nag gewerk het (alhoewel hy sê dat hy daaraan gewoond is); dat hy spoed verminder het nadat die lig vir hom groen geword het om regs te kyk, maar niks gesien het nie en aangery het. Hy het toegegee dat toe hy regs gekyk het hy karre vanaf die oostekant sou kon sien op dieselfde distansie vanaf die kruising as wat hy toe was en dat die distansie wat hy moes aflê tot waar die botsing plaasgevind het,

/ korter.......

> korter was as dié van 'n voertuig wat in sy gesigsveld sou gewees het toe hy gekyk het. Dit wil dus voorkom asof sy oplettendheidsvermoë ietwat gebrekkig was want volgens die bevinding van hierdie hof moes eiser se voertuig op daardie stadium òf by die kruising gestaan het òf reeds inbeweeg het. Laasgenoemde skyn die waarskynlikste te wees."

Die bovermelde beredenering is foutief in die volgende opsigte. Eerstens het Smith gesê dat hy nie geaffekteer was deur sy nagdiens nie. Tweedens, as hy inderdaad gesien het dat die lig na groen oorgeslaan het toe hy 65 meter vanaf die kruising was, moes dit groen gewees het toe hy die kruising binnegegaan het. Daar kan dus geen sprake van gebrekkige oplettendheidsvermoë wees nie. Derdens, deur te bevind dat eiser wel gestop het en daarna in die kruising inbeweeg het, word iets as bewese aangeneem wat nog bewys moes word. Smith het gesê dat hy na die oostekant gekyk het en as eiser se motor daar gestaan het, sou hy dit gesien het. Daar is geen rede om eiser se getuienis op hierdie aspek te aanvaar en Smith se getuienis te ver-

/ werp.........

werp nie. Derhalwe is dit 'n foutiewe redenasie om enige gevolgtrekking te baseer op 'n bevinding wat nie bewys is nie, naamlik dat eiser wel by die lig gestaan het. Vierdens, die feit dat daar 'n dame in eiser se motor was, neem die waarskynlikhede nie verder nie. Laastens vind ek dit onwaarskynlik dat 'n getuie die relaas van die tassie en die ritssluiter sou uitdink as dit nie gebeur het nie. Inderdaad is sy getuienis in hierdie opsig nie aangeveg nie.

Eiser se advokaat (hy het nie in die hof a quo opgetree nie) het aan die hand gedoen dat al sou hierdie Hof mev Grobbelaar se getuienis verwerp, die waarskynlikhede is dat Smith nalatig was en dat sy nalatigheid kousaal bygedra het tot die botsing. Hy het betoog dat die feit dat Smith eiser se voertuig net voor die botsing eers gesien het, bewys dat hy versuim het om 'n behoorlike uitkyk te hou. Hierdie betoog kan nie opgaan nie. Eerstens geld dieselfde betoog t.o.v. die eiser. Tweedens is die saak nie op daardie

/ basis............

basis gevoer nie en is relevante aspekte in daardie opsig nie ondersoek nie. Die saak is binne 'n beperkte bestek gevoer. Dit kom voor uit die volgende aanhaling uit die regter se uitspraak:

> "Ondanks die bewerings van nalatigheid in die pleitstukke het die dispuut tussen die partye soos gesien kan word uit die aangehaalde getuienis, binne 'n baie beperkte bestek geval, naamlik, welke een van die twee bestuurders die betrokke kruising teen 'n rooi verkeerslig binnegegaan het. Dit is nie aangevoer dat die een of ander van die twee bestuurders die botsing kon vermy het nadat albei voertuie reeds in die kruising was nie. Geeneen van die twee het die ander blykbaar betyds gesien om enige stappe te doen om die botsing te vermy nie. Dit was ook nie aangevoer nie dat die een reeds in die kruising was toe die verkeerslig in die guns van die ander na groen oorgeslaan het. Albei bestuurders het volgehou dat hulle die kruising binnegegaan het terwyl daar 'n groen lig in hulle guns was."

Om op te som: Mev Grobbelaar se getuienis moet buite rekening gelaat word. Die bewyslas om te bewys dat Smith teen die rooi lig in beweeg het, het op eiser gerus.

/ Daar............

Daar is 'n lynregte teenstrydigheid in die weergawes van eiser en Smith. Daar is geen rede om die een weergawe te aanvaar teenoor die ander weergawe nie. Dit kan nie gesê word dat die waarskynlikhede een van die twee weergawes steun nie. Dit volg dat die regter a quo moes bevind het dat die eiser sy saak nie bewys het nie en derhalwe moes hy 'n bevel van absolusie van die instansie gemaak het. Kyk National Employers' Mutual General Insurance Association v Gany, 1931 AA 187 op 199.

Ingesluit in die oorkonde voor hierdie Hof is die verslae van die geneeshere wat getuienis sou aflê voor die hof a quo. Hulle het nie getuienis afgelê nie want, soos alreeds gesê, het die partye voor die verhoor in die hof a quo op die bedrag van skadevergoeding ooreengekom. Dit was dus nie nodig om hierdie verslae in die oorkonde in te sluit nie. Onnodige kennisgewings en hospitaalaantekeninge is ook ingesluit. Hierdie onnodige dokumente bevat 58 bladsye, naamlik bladsye 9 tot 67. Die appellant is nie geregtig op enige

/ koste...........

koste in verband met dié 58 bladsye nie.

Die slotsom is:

(1) Die appèl slaag met koste, behalwe die koste wat betrekking het op die voorbereiding en insluiting van bladsye 9 tot 67 in die oorkonde voor hierdie Hof.

(2) Die bevel van die hof a quo word tersyde gestel. Dit word vervang deur 'n bevel van absolusie van die instansie met koste.

O GALGUT.

RABIE HR)
JOUBERT AR) STEM SAAM.